

14.2 RAPPORT 2: DEPUTATE BYBEL – BYBELVERTALING (Art 90)

- A. Dr AJ Kruger lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

(Acta 2009:98, 5.1.3.1, 5.1.3.2, 5.1.3.3)

- 1.1 Benoeming van persone op die Advieskomitee vir Bybelvertaling by die Bybelgenootskap.
- 1.2 Verleen samewerking in alle sake wat verband hou met die Verdere Afrikaanse Vertaling van die Bybel.
- 1.3 Die opdrag van die Sinode 2000 word gekontinueer t.o.v. die Godsdname JHWH en Adonai in die Ou Testament en moet deurlopende aandag geniet.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Die BSA onderneem **vertalingsprojekte** soos deur die kerke versoek. Die volgende projekte is tans aan die gang:
 - 2.1.1 Die meer konkordante vertaling in **Afrikaans**, bekend as die Bybel: 'n Direkte Vertaling (BDV).
 - 2.1.1.1 Verskeie persone vanuit die GKSA neem deel aan die projek op verskillende terreine van die proses.
 - 2.1.1.2 Die Godsdname word volgens die vertaalopdrag onderskeibaar vertaal.
 - 2.1.1.3 Die vertaling bevat baie voetnote wat sake in die teks verduidelik asook 'n omvattende woordelys wat gebruik kan word vir verduideliking van belangrike terme en woorde in die vertaling.
 - 2.1.1.4 Die werk word deur spanne aangepak, wat o.a. eksegete, brontaalkenners, taalkundiges en literêre kundiges insluit. Die werk word verskeie kere nagegaan in 'n intensiewe vertalingsproses.
 - 2.1.1.5 Daar het 'n proefuitgawe van die Nuwe Testament en Psalms (tot aan die einde van Fase 2 afgehandel) verskyn. Dit kan by die Bybelgenootskap bekom word teen R35-00 stuk.
 - 2.1.1.6 Kerklike lesers word aangemoedig om deel te neem aan die hersieningsproses. Meer inligting hieroor kan gevind word by www.bybeldirektevertaling.co.za. Alle kommentaar op die teks kan gestuur word aan Marno Retief by retief@biblesociety.co.za. Hierdie kommentaar word in Fase 3 van die proses hanteer. Dit behoort duidelik te wees dat hierdie die fase is waartydens daar vanuit die kerkverband insette gegee kan word rondom alternatiewe.
 - 2.1.1.7 Daar word verwag dat die projek teen ±2018 afgehandel sal wees en die GKSA sal 'n besluit moet neem oor die amptelike gebruik van die vertaling.
 - 2.1.1.8 Die Deputate Bybel het 'n skrywe uitgestuur oor die beskikbaarheid van die proefvertaling en daarin gevra dat gemeentes reeds informeel begin met die evaluering daarvan.
 - 2.1.2 Daar word gewerk aan 'n nuwe **isiZulu-vertaling**. Die projekleier is prof Koos van Rooy.
 - 2.1.2.1 Daar word verwag dat Fase 1 teen 2014 voltooi sal wees.
 - 2.1.3 Na aanleiding van die bruikbaarheid van die Bybel vir Doves is daar begin met 'n soortgelyke projek in Engels (**Bible for the Deaf**). Daar kan meer inligting bekom word by www.englishbibleforthedeaf.co.za

2.2 Die Deputate Bybel is verantwoordelik vir benoeming van lede van die GKSA op die **Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans** (KABA). Hierdie liggaam vergader eenkeer per jaar om aan die BSA terugvoer te gee oor sake van belang vir die kerke rondom Afrikaanse vertalings.

2.2.1 Die benoemdes vanaf die GKSA is op die oomblik die volgende: Primi: Proff HJN van Deventer, JJ J van Rensburg en PP Kruger. Sekundi: Dr AJ Kruger, proff HF van Rooy en CP van der Walt.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.1 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*

3.1.1 Die persone wat aan hierdie projek deelneem word aan die genadetroon van ons Hemelse Vader opgedra.

Besluit: Goedgekeur en dat die Sinode briewe van dank sal rig aan die persone wat namens die GKSA by hierdie projek betrokke is.

3.1.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die BSA vir die bronne, finansieel maar ook in terme van mense, tyd en energie, aan die projek toegewys.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.3 Die GKSA bly aktief betrokke by hierdie projek.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.4 Lidmate en kundiges in die kerkverband word ernstig versoek om deel te neem aan Fase 3 van die vertaling, waartydens insette oor die proefvertaling gemaak kan word.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.5 Die Sinode wys Deputate aan wat nou reeds begin met die evaluering van die vertaling, sodat daar in 2018 (of so gou moontlik na afhandeling van die projek) 'n weloorwoë besluit geneem kan word oor die amptelike gebruik daarvan. Hierdie Deputate moet onder andere die getrouheid aan die vertalingsopdrag (*brief*) nagaan asook die spesifieke sake wat die GKSA graag in so 'n vertaling wil sien (bv Godsdname). Dit moet ook nagegaan word vir korrektheid.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.6 Die Deputate moet let op die uitvoer van die vertalings riglyn tov die Godsdname JHWH en Adonai in die Ou Testament (Acta, 2003:114, 5.3.5 en 6.1.3.4), met in agneming van die bestaande riglyne vir vertalers.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.7 Die Deputate moet by die Bybelgenootskap navraag doen oor die moontlikheid om parallelle Bybels wat sowel Engels as inheemse swart tale weergee.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.8 Dat die Sinode 'n brief van dank rig aan die Bybelgenootskap vir die skenking van "Die Bybel: Direkte Vertaling" aan die predikante afgevaardigdes.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Die isiZulu Bybel*

3.2.1 Daar word met dank kennis geneem van die projek en die deelnemende persone word die leiding van die Here toegebid met die voltooiing van hierdie belangrike werk.

Besluit: Goedgekeur en dat die Sinode briewe van dank sal rig aan die vertalers sowel as aan prof JA van Rooy.

3.2.2 Die GKSA bly voortdurend betrokke op welke wyses moontlik.

Besluit: Goedgekeur.

3.2.3 Die Sinode wys Deputate aan om die isiZulu Bybel by voltooiing vir kerklike gebruik te evalueer.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Benoemings op KABA*

Die persone wat tans benoem is word op die paneel behou, met die opdrag aan die Deputate Bybel om toe te sien dat daar deurentyd drie aangewese verteenwoordigers vir KABA sal wees (met sekundi).

Besluit: Goedgekeur.